

Orion Minerals

# Gemeenskap MYNuusblad



April 2025

## Verwelkom Tony Lennox as die nuwe Besturende Direkteur en Uitvoerende Hoof van Orion Minerals



**Orion Minerals is opgewonde om die aanstelling, effektief 3 April 2025, van Tony Lennox as die nuwe Besturende Direkteur en Uitvoerende Hoof van Orion Minerals aan te kondig. Tony neem oor by Errol Smart, wat die maatskappy vir meer as 12 jaar deur 'n tydperk van aansienlike groei en projek ontwikkeling gelei het. Ons verwelkom Tony by die rol en deel sy uitgebreide ervaring en planne vir die maatskappy. Ons wil ook vir Errol bedank vir sy harde werk en toewyding teenoor Orion. Ons wens hom sterkte toe vir die toekoms.**

## Ons stel Tony Lennox bekend

Tony het meer as 40 jaar ondervinding in mynbou bedrywighede, projek ontwikkeling en korporatiewe leierskap. Sy loopbaan sluit senior rolle in groot wêreldwye myn maatskappye soos Rio Tinto en BHP in, asook leierskap posisies in sleutel projekte in Suid-Afrika sowel as internasionaal.

Tony het gedien as die Besturende Direkteur van Palabora Mining Company, waar hy 'n sleutel rol gespeel het om die lewensduur van die myn te verleng en die winsgewendheid daarvan te verbeter. Tony het ervaring met toesig oor grootskaalse mynbou projekte in Mosambiek

en het 'n bewese rekord in die navigasie van komplekse operasionele en strategiese uitdagings.

Tony was die afgelope jaar 'n Nie-Uitvoerende Direkteur by Orion, waar hy bygedra het tot waardevolle insigte tydens die Definitiewe Uitvoerbaarheidstudie (DFS) prosesse vir beide ons Prieska Copper Zinc Mine (PCZM) en Okiep Koper projek (OCP), wat die Flat Mines projek insluit. Sy diepgaande begrip vir Orion se projekte en strategie posisioneer hom goed om die maatskappy in die volgende fase van ontwikkeling en produksie te lei.

## Toekoms planne vir Orion se projekte

Onder Tony se leierskap sal Orion fokus op die suksesvolle ontwikkeling van PCZM en OCP, wat na verwagting belangrike basis metaal produsente in Suid-Afrika sal word. Hierdie projekte verteenwoordig koper bates van hoë gehalte en wat langlewend sal wees, waar Tony se uitgebreide ervaring sal help om die ontwikkeling van hierdie projekte te versnel.

In die komende maande sal ons van projek ontwikkeling na myn konstruksie en -bedrywighede beweeg.

Hierdie transformasie behels:

- Werkskepping vir plaaslike gemeenskappe, beide in konstruksie en deurlopende bedrywighede
- Voortgesette betrokkenheid met belanghebbendes om te verseker dat ons projekte positief bydra tot die plaaslike ekonomie en omgewing
- Deurlopende toewyding tot volhoubare en verantwoordelike hulpbron ontwikkeling

Tony is toegewyd om te verseker dat Orion 'n sterk vennoot in die gemeenskap bly en dat ons bedrywighede in die langtermyn voordele aan alle belanghebbendes sal bied.

Die ontwikkeling van veilige, moderne en gemeganiseerde ondergrondse myne by beide projekte sal help om die ekonomiese- en gemeenskaps ontwikkelings geleenthede te ontsluit, wat albei noodsaaklik is vir die langtermyn-voorspoed in die Noord-Kaap.

Orion bly daartoe verbind om die ontwikkeling van die plaaslike ekonomie te ondersteun in ooreenstemming met ons gasheer gemeenskappe se doelwitte vir PCZM, insluitend 50% gasheer gemeenskap indiensneming, 40% gasheer gemeenskap sub-kontraktering geleenthede en 30% gasheer gemeenskap verkryging van goedere en dienste. Positiewe verpligtinge sal voortgaan met belanghebbendes en die Nama Khoi Belanghebbende-betrokkenheid forum (SEF) namate OCP ontwikkel in ooreenstemming met dieselfde doelwitte.

## Vooruitsig

Onder Tony se leierskap sal Orion voortbou op die stewige fondament wat deur Errol gevestig is, en ons sien uit na 'n opwindende toekoms. Ons bly toegewyd om waarde aan ons aandeelhouers, werknemers en plaaslike gemeenskappe te lewer.

*Dankie vir jou ondersteuning en betrokkenheid.*

